

# St. Maximus van Riez

## 27 November

(sterf 460)

Dit was die voorbeeld van mense soos die heilige Maximus wat die Christelike geloof destyds soos ’n veldbrand laat versprei het. Hy is uit ’n adellike Christelike familie gebore en wou van jongs af niks anders as om die Here Jesus met sy hele lewe te volg nie. Hy word ’n dissipel van St. Honoratus, die ab van die bekende kloostergemeenskap op die eiland Lerins (aan die suidkus van moderne Frankryk). In 426 volg hy sy leermeester op as owerste. Onder sy leiding groei die gemeenskap en kom mense van heinde en verre om sy raad en voorspraak te vra. Hy vlug weg van al die aandag en gaan woon as ’n kluisenaar in ’n woud. Later word hy aangestel as biskop van Riez en woon hy die belangrike sinodes van Orange in 441 en Arles in 454 by. Hy was een van die invloedrykste Godsmanne van sy tyd.

© Die Oratorium Uitgewery